Regsleer	RGL414	RGL424
Regspraktyk	RPK412	RPK422
Siviele Prosesreg	SVP414	-
Skripsie	-	RSK424
Twee semester-modules uit die volgende elektiewe:		
Deeltitels en Aandeelblokskemas	DEE414	-
Elektroniese- en Internetreg	-	EIL424
Handelsmisdaad	-	BCR424
Finansiële Beplanningsreg	FBR414	FBR424
Internasionale Ekonomiese Reg	IER414	-
Internasionale Privaatreg	IPR414	-
Mededingingsreg	-	MCR424

Medicina Forensis	MDF414	MDF424
Omgewingsreg	-	OGR424
Regsgeskiedenis	-	RGK424
Regsvergelyking	-	RVG424
Skadevergoeding	SDR414	-
Strafreg	SFR414	SFR424
Trustreg	-	TRR424
Versekeringsreg	VOF414	-

E 7.5.4 Studente wat die LL.B. voorafgegaan deur die B.Com (Regte) (UV) volg, word vrygestel van die volgende modules, in regulasie E5.4(A) beoog:

- ☐ Elektiewe in eerstejaar.
- ☐ RPK 112 en RPK 122.
- ☐ RPK 214.

Let Wel:

Dit is die student, wat die LL.B. voorafgegaan deur 'n eerste *Baccalaureus*-graad neem, se verantwoordelikheid om die klasrooster te raadpleeg voordat daar vir enige modules geregistreer word, aangesien daar botsings op die rooster mag voorkom. In genoemde gevalle mag daar van die gespesifiseerde volgorde van modules soos aangegee, afgewyk word.

Studente se aandag word op algemene regulasie A15(f) en (g) gevestig:

- ☐ 'n Student in sy finale jaar wat sy studie na aflegging van die Junie-eksamen moet verleng as gevolg van 'n druiptyd in 'n enkele module tydens die Junie-eksamen sonder verrekening van die November-eksamen wat nog afgelê moet word, word ongeag enige bepalinge tot die tweede eksamengeleentheid in Julie toegelaat.
- ☐ 'n Student in sy finale semester wat sy studie na aflegging van die November-eksamen moet verleng as gevolg van 'n druiptyd in 'n enkele module tydens die November-eksamen, word ongeag enige bepalinge tot die tweede eksamen-geleentheid in Januarie toegelaat.

FAKULTEITSREGULASIES EN -INLIGTING

BACCALAUREUS IURIS-GRAAD

Die volgende *Baccalaureus*-graad word in die fakulteit toegeken:

Graad	Minimum periode van studie	Afkorting	Studie- kode
<i>Baccalaureus Iuris:</i> Finansiële Beplanningsreg	3 jaar	B.Iur.: Finansiële Beplanningsreg	3323

Leeruitkomste

Studente moet die bevoegdheid verwerf om as regsprofessionele praktisyne in finansiële beplanningsreg te kan optree.

Die suksesvolle kandidaat sal in staat wees om:

- ❑ 'n Lewenslange student te wees deur die bevoegdheid om op hoogte te bly van die nuutste ontwikkelinge op die gebied van finansiële beplanningsreg.
- ❑ As verantwoordelike burger deel te neem in plaaslike, nasionale en wêreldwye gemeenskappe.
- ❑ As finansiële regspraktisyn sensitief te wees vir kulturele- en etniese diversiteit in die gemeenskap.
- ❑ Opvoedkunde en loopbaanmoontlikhede te verken en entrepreneuriese vaardighede te ontwikkel.

Die suksesvolle kandidaat sal spesifiek in staat wees om:

- ❑ Basiese finansiële beplanningsreg probleme te identifiseer en op te los deur krities en skeppend te dink.
- ❑ Persoonlike en professionele aktiwiteite op verantwoordelike etiese en effektiewe wyse te benader en te bestuur.
- ❑ Effektiewe regsnavorsing te doen deur die insameling, analisering en kritiese evaluering van inligting.
- ❑ Effektief skriftelik en mondeling te kommunikeer.
- ❑ Effektief mee te werk met ander in die samelewing.
- ❑ Tegnologie effektief en verantwoordelik te gebruik tot voordeel van die gemeenskap as geheel.
- ❑ Finansiële beplanningsreg as 'n komponent van 'n stelsel van inter-afhanklike sisteme te sien binne die gemeenskap, waarbinne probleemoplossing nie in isolasie kan geskied nie.

L.W.: Die voorgraadse programme in hierdie fakulteit veronderstel voltydse studies. Geen deeltydse studies kan geakkommodeer word nie!

Toeligting: Verpligte klasbywoning

Sedert 'n vorige regulasie wat verpligte klasbywoning afdwingbaar gemaak het en in die lig van beskikbare alternatiewe leeraktiwiteite geskrap is, het verskeie faktore die fakulteit genoop om die situasie te heroorweeg.

'n Beduidende persentasie (75%) alumni het volgens die 2008 Botes-verslag gemeld dat verpligte klasbywoning na hul mening deur al die studiejare toegepas behoort te word. Daarby het die 2009 SASSE-verslag aangetoon dat regstudente oor die algemeen se leerbetrokkenheid swak is en dat hulle byvoorbeeld nie naastebly die hoeveelheid leerure insit wat van hulle verwag kan word nie.

- o *Soos dit tans gesteld is, daag 'n groot groep studente slegs op om toetse te skryf. Dit is nie alleen hoogs onprofessioneel nie, maar dra ook 'n baie ongedissiplineerde beeld uit.*
- o *Van deurlopende en formatiewe assessering en ontwikkeling van kommunikatiewe vermoëns in klasse is daar met swak bywoningsyfers nie sprake nie. Daar kan geen sinvolle professionele onderrig (soos deur interessante klasaanbiedings, audio-visuele aanbiedings, regslaboratoria, meer regspraktykgeoriënteerde modules) in 'n professionele fakulteit gegee word sonder 'n professionele inslag en dissipline van studente se kant nie.*

Die saak is weer via die Fakulteitsraad by die UB aanhangig gemaak, en die fakulteit het goedkeuring ontvang om klasbywoning weer verpligtend te maak.

Wanneer studente registreer, moet hulle dus alreeds aanvaar dat hulle hulle kontraktueel verbind tot ten minste 75% betrokkenheid per module. Sodanige onderneming moet in studiegids aangetoon word en moet deur 'n regulasie afdwing word.

Dit blyk dat die besluit in twee aspekte uiteenval, nl:

- o Implementering van verpligte klasbywoning en ander metodes van afdwinging van leerbetrokkenheid (minimum van 75% van betrokke leer-aktiwiteite per module).
- o Verbetering/wysiging van onderrig en betrokke leer-aktiwiteite, met inbegrip van deurlopende formatiewe assessering en verskillende interaktiewe aflewering-modusse van onderrig soos kontakssessies, groepbesprekings, groepwerk, addisionele take, klastoetse.

In die lig van die bostaande (bl. 4) **Studente Etiese Kode** en ter bereiking van die gestelde **leeruitkomst** hierbo (bl. 19), gerig op 'n professionele loopbaan, word studente dus deur die fakulteit aangeraai om dienooreenkomstig hulle “werkvermoë tot die volle potensiaal te benut”.

Die Fakulteit streef in sy **strategieë** daarna om in voorgraadse onderwys benewens intellektuele (kognitiewe) en vaardigheids-doelwitte ook **gevoels/waarde (affektiewe)** doelwitte met sy studente te bereik.

Meer spesifiek word benewens:

- (A) Intellektuele doelwitte**
(Kennis, insig, toepassing).
- (C) Vaardigheidsdoelwitte**
(Kommunikasievaardighede, Bestuursvaardighede).

die volgende **affektiewe doelwitte** beoog:

- (B) Gevoels-/waardedoelwitte**

Ontvanklikheidsvlak:

- (a) Studente moet gereed/bereid wees om te leer.
- (b) Studente moet gereed/bereid wees om aandag (tyd) te bestee aan die module.

Reaksie-/meelewingsvlak:

- (a) Studente moet belangstel in die module.
- (b) Studente moet reageer op uitdagings in die module.

Waarderingsvlak:

- (a) Studente moet die waarde van wat hulle in die module leer, insien.
- (b) Studente moet 'n positiewe houding hê teenoor die breër regscurriculum.

Samestellingsvlak:

- (a) Studente moet meriete van sake, standpunte, en idees teen 'n eie standpunt kan beoordeel.

Vasleggingsvlak:

- (a) Studente moet oor 'n eie waardesisteem beskik wat dit moontlik maak om 'n komplekse wêreld effektief te orden en daarvolgens op te tree.
- (b) Studente moet streef na:
 - 'n Selfstandige lewens- en wêreldbeskouing.
 - Onderhoud van professionele etiek.
 - 'n Wetenskaplike ingesteldheid.
 - Selfstandige besluitneming en standpunt-inname.

REG. E8 *BACCALAUREUS IURIS: B.IURIS*
Driejaar B.IURIS (studiekode 3321)
(Tans nie aangebied nie)

...

REG. E9 *BACCALAUREUS IURIS: FINANSIËLE BEPLANNINGSREG*
(Studiekode 3323) (totale krediete: 488)

Die algemene regulasies ten opsigte van eerste *baccalaureus*-grade is *mutatis mutandis* van toepassing op B.Iuris: Finansiële Beplanningsreg-kandidate in hierdie fakulteit.

E9.1 Toepasbaarheid

Hierdie fakulteitsregulasies het betrekking op kandidate wat vanaf 2011 vir die eerste keer vir die B.Iuris: Finansiële Beplanningsreg registreer.

E9.2 Spesiale kurrikula

Die dekaan kan spesiale kurrikula en programme vir kandidate voorskryf as hy/sy dit in akademiese belang nodig ag, en die bepalinge van die fakulteitsregulasies geld *mutatis mutandis*.

E9.3 Toelating

Ten einde tot die driejaar B.Iuris: Finansiële Beplanningsreg (studiekode 3323) toegelaat te word, moet 'n kandidaat:

- (i) oor 'n geëndoseerde Senior Sertifikaat (tot 2007) beskik en 'n M-telling van minstens 30 punte hê; of
- (ii) oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat (vanaf 2008) beskik en 'n TP-telling van minstens 30 punte hê, met 'n minimum prestasiepunt van 50% (prestasievlak 4) in een van die UV se amptelike onderrigtales.

Desnieteenstaande kan 'n kandidaat wat oor 'n geëndoseerde Senior Sertifikaat (tot 2007) of 'n Nasionale Senior Sertifikaat (vanaf 2008) beskik en:

- (iii) 'n M-telling van 24 tot 29 punte of 'n TP-telling van 25 tot 29 punte het, en minstens die eerste studiejaar van 'n verlengde graad-program suksesvol voltooi het; of
- (iv) 'n M-telling van minder as 24 punte of 'n TP-telling van minder as 25 punte het en wat die Universiteit Voorbereidingsprogram (UVP) in geheel suksesvol voltooi het,

op aanbeveling van die dekaan tot die eerste studiejaar van die driejaar B.luris: Finansiële Beplanningsreg (studiekode 3323) toegelaat word.

E9.4 Duur van studie

- (a) Die studie vir die graad *Baccalaureus Iuris*: Finansiële Beplanningsreg (studiekode 3323) duur 'n minimum van drie jaar.
- (b) Die studie vir die graad *Baccalaureus Iuris*: Finansiële Beplanningsreg (studiekode 3323) duur normaalweg 'n maksimum van vyf jaar.

E9.5 Volgorde van modules en samestelling van studiejaar

(Sien Regulasie A8, A19 en A31)

- (a) Studente vir die B.luris: Finansiële Beplanningsreg volg as algemene reël die modules in die studiejaar en volgorde soos bepaal in die kurrikulum.
- (b) Die modules Finansiële Beplanningsreg FBR114 en FBR124 moet suksesvol voltooi word alvorens die kandidaat toegelaat sal word om met die modules FBR214, FBR224, FBR314 en FBR324 voort te gaan.
- (c) 'n Student wat twee of meer semester-modules in enige semester gestaak of gedruip het, moet die betrokke module(s) in die eerste moontlike semester waarin dit deur die fakulteit aangebied word, herhaal. 'n Maksimum van ses semester-modules mag geneem word in die semester waarin die modules wat gedruip of gestaak is, herhaal word. Hierdie regulasie geld in alle gevalle onderworpe aan regulasies A8, A19 en A31 van die Universiteit.

Aanbied van modules van ander universiteite

(Toeligting tot Reg. A10)

- 1. Alle versoeke van studente om modules by ander universiteite aan te bied, moet skriftelik gemotiveer word.
- 2. (a) Indien die betrokke departementele voorsitter nie oortuig is dat daar 'n aanvaarbare rede bestaan waarom die ekwivalente UV-module nie aangebied kan word nie, sal 'n versoek van 'n student om erkenning van ekwivalente module(s) wat hy/sy by 'n ander universiteit wil aanbied, slegs deur die Dekaan ingevolge Reg A31 toegestaan word.

(b)	Indien 'n student die ekwivalente UV-module reeds tweemaal of meer gedruip het, sal sy/haar versoek om erkenning van 'n module wat hy/sy by 'n ander universiteit wil aanbied, slegs in uitsonderlike omstandighede, met inagneming van Reg A31 toegestaan word.
(c)	Geen uittree-/finale jaar modules mag deur ander universiteite aangebied word nie.

E9.6 Graad met lof

Die B.luris: Finansiële Beplanningsreg-graad word met lof toegeken indien 'n student:

1. Die kurrikulum vir die B.luris: Finansiële Beplanningsreg in die minimum voorgeskrewe tydsduur voltooi het.
2. 'n Gemiddelde gesamentlike slaagsyfer van minstens 75% in die volgende modules behaal het:

Module	Eerste Semester-kode en Krediet-waarde (K)	Tweede Semester-kode en Krediet-waarde (K)
Arbeidsreg	ARR214 16 K	ARR224 16 K
Belastingreg	BLR314 16K	-
Ekonomiese Stelsels en Basiese Mikro-Ekonomie	EBN114 16 K	-
Elektroniese en Internetreg	-	EIL424 16 K
Erfreg en Boedelbereddering	-	ERF224 16 K
Finansiële Beplanningsreg	FBR114 16 K	FBR124 16 K
Finansiële Beplanningsreg	FBR214 16 K	FBR224 16 K
Finansiële Beplanningsreg	FBR314 16 K	FBR324 16 K
Finansiële Praktyk	FPK112 8 K	FPK122 8K
Finansiële Praktyk	FPK212 8 K	-
Handelstrustreg	HTR314 16 K	-
Handelsregtelike Ooreenkomste	HRO314 16 K	HRO324 16 K
Inleiding tot Basiese Ekonomie	-	EBN124 16 K

Inleiding tot die Regswetenskap	ILR114 16 K	ILR124 16 K
Insolvensie- en Likwidasiereg	-	LIR424 16 K
Kontraktereg	KON214 16 K	-
Ondernemingsvormereg	ONR314 16 K	ONR324 16 K
Regsrekeningkunde	RRK208 32 K	-
Sakereg	-	SAK324 16 K
Statistiek	STK114 16 K	STK124 16 K
Uitlegsleer	ULL214 16 K	-
Een van die volgende elektiewe:		
Afrikaans vir die Professies of	AFP112, AFP132	32 K
	AFP122 en AFP142	32 K
Duits of	DTS154, DTS164	32 K
Duits	DTS112, DTS132,	32 K
	DTS122 en DTS142	32 K
Frans of	FRN112, FRN132	32 K
	FRN122 en FRN142	32 K
Latyn of	LAT114 en LAT124	32 K
Regsengels of	REN108	32 K
Regstaal en kultuur	RTK108	32 K
of enige ander taal wat regsnavorsing ontsluit, mits dit op die rooster van die Fakulteit Geesteswetenskappe geplaas is, en nie bots met die rooster van die Fakulteit Regsgeleerdheid nie.		

E9.7 Die volgende modules moet geslaag word om die B.luris: Finansiële Beplanningsreg (studie kode 3323) te verwerf:

Eerste studiejaar

Eerste semester

Ekonomiese Stelsels en Basiese Mikro-Ekonomie	EBN114
Finansiële Beplanningsreg *	FBR114
Finansiële Praktyk	FPK112
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR114
Statistiek	STK114
Taalkursus (kyk keuses hieronder)	#

Tweede semester

Finansiële Beplanningsreg *	FBR124
Finansiële Praktyk	FPK122
Inleiding tot Basiese Ekonomie	EBN124
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR124
Statistiek	STK124
Taalkursus (kyk keuses hieronder)	#

* Die modules Finansiële Beplanningsreg FBR114 en FBR124 moet suksesvol voltooi word alvorens die kandidaat toegelaat sal word om met die modules FBR214, FBR224, FBR314 en FBR324 voort te gaan.

Een van die volgende elektiewe in elke semester:

Afrikaans vir die Professie of	AFP112, AFP132 AFP122 en AFP142
Duits of	DTS154, DTS164
Duits	DTS112, DTS132 DTS122 en DTS142
Frans of	FRN112, FRN132 FRN122 en FRN142
Latyn of	LAT114 en LAT124
Regsengels of	REN108
Regstaal en kultuur	RTK108
of enige ander taal wat regsnavorsing ontsluit, mits dit op die rooster van die Fakulteit Geesteswetenskappe geplaas is, en nie bots met die rooster van die Fakulteit Regsgeleerdheid nie.	

Tweede studiejaar

Eerste semester

Arbeidsreg	ARR214
Finansiële Beplanningsreg	FBR214
Finansiële Praktyk	FPK212
Kontraktereg	KON214
Regsrekeningkunde (jaarmodule)	RRK208
Uitlegsleer	ULL214

Tweede semester

Arbeidsreg	ARR224
Elektroniese- en Internetreg	EIL424
Erfreg en Boedelberedding	ERF224
Finansiële Beplanningsreg	FBR224
Regsrekeningkunde (jaarmodule)	RRK208

Derde studiejaar

Eerste semester

Belastingreg	BLR314
Finansiële Beplanningsreg	FBR314
Handelsregtelike Ooreenkomste	HRO314
Handelstrustreg	HTR314
Ondernemingsreg	ONR314

Tweede semester

Finansiële Beplanningsreg	FBR324
Likwidasië- en Insolvensiereg	LIR424
Ondernemingsreg	ONR324
Sakereg	SAK324

Sillabusse en modules

Reg. E14

- E14.1** Die inhoud van die sillabusse vir modules is, waar van toepassing, in ooreenstemming met die minimum-vereistes van die Raad vir die Erkenning van Regs-eksamens.
- E14.2** Die sillabusse wat deur die verskillende departemente van die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word, is soos volg*:

-
- Inligting van modules aangebied deur departemente wat onder ander fakulteite resorteer, is opgeneem in die jaarboeke van die relevante fakulteite. Die belangrikste van daardie modules wat normaalweg in hierdie fakulteit se programme ingesluit word, word vir die student se gerief aan die einde van hierdie afdeling ingesluit.

Modules word hierin alfabeties volgens die module-kode gerangskik.

ABR214 Arbeidsreg

Die module ABR214 Arbeidsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die student moet in staat wees om:

- ☐ Homself/haarself met sekere regsbegrippe asook die oorsprong en geskiedenis van die Suid-Afrikaanse reg vertrouwd te maak.
- ☐ Die beginsels rakende die Deliktereg te verstaan en krities te evalueer.
- ☐ Die beginsels rakende die Kontraktereg te verstaan en krities te evalueer.
- ☐ Die beginsels rakende die dienskontrak tussen werkgewer en werknemer te verstaan en krities te evalueer.
- ☐ Die *Werkloosheidsversekeringswet* 63 van 2001 krities te evalueer.
- ☐ Die *Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes* 130 van 1993 krities te evalueer.
- ☐ Die *Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid* 85 van 1993 krities te evalueer.
- ☐ Die *Wet op Ontwikkeling van Vaardighede* 97 van 1998 krities te evalueer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Reg.
- ☐ Deliktereg.
- ☐ Kontraktereg.
- ☐ Gemeenregtelike Dienskontrak.
- ☐ Werkloosheidsversekering.
- ☐ Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes.
- ☐ Beroepsgesondheid en -veiligheid.
- ☐ Ontwikkeling van Vaardighede.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

ABR224 Arbeidsreg

Die module ABR224 Arbeidsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die student moet in staat wees om:

- ☐ Die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* 75 van 1997 krities te evalueer.
- ☐ Die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998 krities te evalueer.
- ☐ Die *Wet op Arbeidsverhoudinge* 66 van 1995, met spesifieke verwysing na die raamwerk, kollektiewe bedinging, werkerdeelname, dissipline, ontslag en stakings en uitsluitings, krities te evalueer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Basiese Diensvoorwaardes.
- ☐ Gelyke Indiensneming.
- ☐ Raamwerk van die *Wet op Arbeidsverhoudinge*.
- ☐ Kollektiewe Bedinging.
- ☐ Werkerdeelname.
- ☐ Dissipline.
- ☐ Ontslag en Stakings.
- ☐ Uitsluitings.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

ARR214 Arbeidsreg

Die module ARR214 Arbeidsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Kennis van Kontraktereg is 'n aanbeveling.

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal aan die basiese begrippe en beginsels van die Arbeidsreg bekendgestel word.

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om basiese arbeidsregtelike begrippe en beginsels te

verduidelik en toe te pas, deur die identifisering van probleme en die formulering van oplossings met betrekking tot die gemeenereg, Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, en tersaaklike hofuitsprake.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student sal kennis opdoen van die basiese begrippe en beginsels van die Arbeidsreg, met verwysing na die volgende:

- ❑ Die aard van die Arbeidsreg en Arbeidsverhoudinge.
- ❑ Die ontwikkeling van die Arbeidsreg.
- ❑ Die dienskontrak, gemeenregtelike verpligtinge van die werkgever en werknemer, en die beëindiging van die dienskontrak.
- ❑ Die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995.

Die student sal leer om hierdie basiese begrippe en beginsels met bepaalde regsvaardighede te integreer.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

ARR224 Arbeidsreg

Die module ARR224 Arbeidsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Kennis van Kontraktereg is 'n aanbeveling.

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal aan die basiese begrippe en beginsels van die Arbeidsreg bekendgestel word.

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om basiese arbeidsregtelike begrippe en beginsels te verduidelik en toe te pas, deur die identifisering van probleme en die formulering van oplossings met betrekking tot die toepaslike wetgewing en tersaaklike hofuitsprake.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student sal kennis opdoen van die basiese begrippe en beginsels van die Arbeidsreg, met verwysing na die volgende:

- ❑ Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes, 1993.
- ❑ Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993.
- ❑ Die Werkloosheidversekeringswet, 2001.
- ❑ Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997.
- ❑ Die Wet op Vaardigheidsopleiding, 1998.
- ❑ Die Wet op Gelyke Indiensneming, 1998.

Die student sal leer om hierdie basiese begrippe en beginsels met bepaalde regsvaardighede te integreer.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

BCR424 Handelsmisdaad

Die module BCR424 Handelsmisdaad (16 krediete) word deur die Navorsingseenheid vir Ernstige Ekonomiese Misdaad in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Na voltooiing van die module, sal die suksesvolle student in staat wees om te onderskei tussen die verskillende vorme van handelsmisdaad uit 'n nasionale en vergelykende perspektief, asook die beginsels rakende die voorkoming en beheer verstaan en kan implementeer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die suksesvolle student sal oor 'n basiese kennis van die teorieë rondom die:

- ❑ Voorkoming.
- ❑ Bekamping.
- ❑ Verhaal van enige verliese gelyk as gevolg van handelsmisdaad beskik.

Assessering

Deurlopende assessering deur middel van gevallestudies en opdragte gedurende dië verloop van die module, asook die bywoning van die Cambridge-simposium, wat sal uitloop op 'n student-portefeulje.

BIR324 Betaalmiddele- en Immaterieelgoederereg

Die module BIR324 Betaalmiddele- en Immaterieelgoederereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Kennis van Kontraktereg, Sakereg en Ondernemingsvormereg is 'n voorvereiste.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekendgestel word aan die algemene beginsels van die **Betaalmiddelereg**, geldigheidsvereistes waaraan verhandelbare dokumente moet voldoen, verskillende prosesse waarin verhandelbare dokumente regte en verpligtinge meebring en ook verskillende verhandelbare dokumente soos die wissel, tjek, promesse, kredietkaart, reisigerstjek en debietkaart.

Studente word bekendgestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van **Immaterieelgoederereg**. Die kursus het ten doel om studente te lei in die regsbeginnsels wat die verhouding tussen individue onderling reël ten opsigte van geestes-skeppinge. Studente word in staat te gestel om probleme in die veld van Immaterieelgoedereg te identifiseer en dit op te los deur die praktiese toepassing van Immaterieel-goederegbeginnsels.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Algemene beginsels van die Betaalmiddelereg.
- ☐ Geldigheidsvereistes waaraan voldoen moet word alvorens 'n dokument as 'n verhandelbare dokument beskou sal word.
- ☐ Verskillende prosesse soos verhandeling en akseptasie.
- ☐ Die begrip houerskap.
- ☐ Verskillende verhandelbare dokumente soos die wissel, tjek, promesse, kredietkaart, reisigerstjek en debietkaarte.

En ook rakende:

- ☐ Outeursreg.
- ☐ Handelsmerke.
- ☐ Modelle.
- ☐ Patente.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

BLR314 Belastingreg

Die module BLR314 Belastingreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Kennis van die algemene beginsels van die reg, Administratiefreg en Prosesreg is 'n voorvereiste.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van Belastingreg. Die kursus het ten doel om studente in staat te stel om belastingprobleme te identifiseer en dit op te los deur die praktiese toepassing van belastingbeginsels.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Inleiding tot Belastingreg.
- ☐ Interpretasie van belasting wetgewing.
- ☐ Bruto inkomste.
- ☐ Inkomste en kapitaal.
- ☐ Spesiale insluitings.
- ☐ Verblyf en bron.
- ☐ Vrygestelde inkomste.
- ☐ Algemene en spesiale aftrekkings.
- ☐ Individue en byvoordele.
- ☐ Vennootskappe, maatskappye en beslote korporasies.
- ☐ Belastingvermyding.
- ☐ Algemene bepalinge.
- ☐ Kapitaalwinsbelasting.

- ☐ Skenkingsbelasting.
- ☐ Trusts.
- ☐ Insolvente en bestorwe boedels.
- ☐ Boedelbelasting.
- ☐ Belasting op Toegevoegde Waarde.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

BWR224 Bewysreg

Die module BWR224 Bewysreg (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Bewysreg en die praktiese implikasies daarvan, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Inleiding tot Bewysreg.
- ☐ Beginsels in die Bewysreg.
- ☐ Aanbieding van getuienis.
- ☐ Grondwetlike Aspekte.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

CPR414 Capita Selecta uit die Privaatreg

Die module CPR414 Capita Selecta uit die Privaatreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Kennis van Kontraktereg, Deliktereg, Sakereg en Erfreg word voorveronderstel.

Beskrywing en doel van kursus

Die module beslaan die velde van Verryking, Estoppel en Huurreg. Studente sal toegerus word met spesialiskennis op die terrein van die verrykingsreg ten einde hulle in staat te stel om die verskuiwing van vermoë sonder 'n regsgeldige oorsaak te identifiseer en krities te ontleed met die oog op:

- ☐ Die vasstelling van verrykingsaanspreeklikheid op 'n algemene beginselgrondslag.
- ☐ Die klassifisering van die laat-klassieke verrykingsaksies.
- ☐ Die aanwending van kasuïstiese ad hoc-uitbreidingsgevalle.

Studente sal met spesialiskennis op die terrein van Estoppel toegerus word ten einde hulle in staat te stel om die verweer, steunende op die skynverwekking tot die misleide se nadeel te identifiseer en krities te ontleed met die oog op:

- ☐ Die aanwending van die verweer om die skynverwekker te stop om op die waarheid te steun.
- ☐ Die verkryging van eiendomsreg en die aanvulling van konsensus by kontrakte deur Estoppel krities te ondersoek.
- ☐ Die aanwending van die nuttige verweer te ondersoek as deel van die materiële reg.

Die student sal voorts toegerus wees met spesialiskennis op die terrein van die huurreg ten einde hul in staat te stel om:

- ☐ Die *essentialia* van die huurkontrak te identifiseer.
- ☐ Die regte en verpligtinge van die betrokke partye te identifiseer.
- ☐ Remedies tot beskikking van die betrokke partye toe te pas.
- ☐ Kernkonsepte rakende die vakgebied te identifiseer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Verryking:

- ☐ Begripspresisering met betrekking tot die grondslag van verryking, objektiewe regsgronde, ongeregtigde kousale vermoënsverskuiwing, retensieregte, sakeregtelike en kontrakregtelike begrip.

- ❑ 'n Algemene verrykkingsaksie.
- ❑ Klassieke verrykkingsaksies.
- ❑ Ad hoc-uitbreidings ten einde kasuïsties vir nuwe gevalle voorsiening te maak.

Estoppel:

- ❑ Begripspresisering met betrekking tot die grondslag van Estoppel, skynverwekking, verandering van regsposisie en vorm van skuld waarskynlik benodig.
- ❑ Elemente van Estoppel, soos skynverwekking, skuld, kousaliteit en benadeling.
- ❑ Aanwendingsmoontlikhede.
- ❑ Beperkings op Estoppel.

Huurreg:

- ❑ Algemene beginsels van die Kontraktereg.
- ❑ Wesenselemente van die huurkontrak.
- ❑ Partye tot 'n huurkontrak se onderskeie regte, verpligtinge en remedies in geval van kontrakbreuk.
- ❑ Algemeen voorkomende begrippe in huurkontrakte.

Assessering

Die suksesvolle student sal in staat wees om:

- ❑ Probleemstellings oor *sine causa* vermoënsverskuiwings, gevalle van skynverwekking tot die misleide se nadeel te identifiseer en op te los.
 - ❑ Te analiseer, onderskei en die verbande te lê tussen begrippe rakende ongeregverdigde verryking, *res judicata*, Estoppel en met aanverwante leerareas.
 - ❑ Te kommunikeer op 'n effektiewe, verstaanbare en logiese wyse ten einde uitdrukking te gee aan parate kennis.
 - ❑ Die bestaan al dan nie van 'n geldige huurkontrak te bepaal.
 - ❑ Probleme rondom die afdwinging van regte en verpligtinge voortvloeiend uit die huurkontrak op te los.
 - ❑ Belangrike relevante beginsels te interpreteer en toe te pas.
-

DEE414 Deeltitels en Aandeleblokskemas

Die module DEE414 Deeltitels en Aandeleblokskemas (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan die algemene regsbeginsels van Deeltitels en Aandeleblokskemas en die praktiese toepassing daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Die dogmatiese basis vir deeleienaarskap.
- ☐ Vestiging van 'n Deeltitelskema.
- ☐ Statutêre beskerming van kopers en huurders.
- ☐ Sanksies en geskilbeslegting.
- ☐ Regshandelinge m.b.t. deeltiteleenhede en gemeenskaplike eiendom.
- ☐ Fase-ontwikkeling van eenhede.
- ☐ Die reëls en bestuur van 'n deeltitelskema.
- ☐ Heropbou of beëindiging van 'n deeltitelontwikkeling.
- ☐ Aandeleblokskemas en aandeleblokmaatskappye.
- ☐ Die volgende aspekte rakende die beplanning en inwerkingstelling van die aandeleblokskema:
 - Die totstandkoming van die maatskappy self.
 - Die akte en statute van die maatskappy.
 - Die gebruiksooreenkoms.
 - Die bevoegdhede van die aandeleblokmaatskappy en die rol van die ultra vires leerstuk.
 - Die ontwikkelaar se verpligtinge en bevoegdhede.
 - Bemaking van die aandeleblokskema.
- ☐ Aspekte rakende aandeelhouing en die regte van die aandeelhouer, okkupasie, stemreg, dividende en die pligte van die Aandeelhouer.
- ☐ Die bestuur en beëindiging van die skema.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

DEL314 Deliktereg

Die module DEL314 Deliktereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Kennis van die module Inleiding tot die Reg word voorveronderstel.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Deliktereg en die praktiese toepassing daarvan met verwysing na die invloed van die Grondwet.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Vasstelling of aan die vereistes vir 'n delik voldoen is, nl:
 - Handeling.
 - Onregmatigheid.
 - Skuld en medewerkende skuld.
 - Kousaliteit.
 - Skade.
- ☐ Aanwending van die korrekte remedies.
- ☐ Verskaffing van basiese advies rakende skadebepaling en -vergoeding.
- ☐ Vasstelling van moontlike verwerpe teen aanspreeklikheid.
- ☐ Mededaderskap.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

EIL424 Elektroniese- en Internetreg

Die module EIL424 Elektroniese- en Internetreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die module het ten doel om die student bekend te stel aan die aard van elektroniese- en internetreg, die tegniese werking en terme, die aanspreeklikheid van diensverskaffers, telekom-munikasie wetgewing,

die werking van elektroniese transaksies, kriptografie en waarmerking. Aanlyn verbruikersbeskerming, elektroniese betalings, belasting, vryheid van spraak en privaatheid, word ook aangespreek. Die strafreg, immaterieel-goedere beskerming en aanlyn geskilbeslegting vorm ook deel van die module.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die suksesvolle student sal in staat wees om:

- ❑ Die direkte en indirekte invloed van elektroniese reg op besigheid, onderwys, vermaak, kommunikasie en misdaad te kan identifiseer.
- ❑ Die nasionale, oorgrens en internasionale beskerming teen elektroniese reg misdrywe te kan verduidelik.
- ❑ Die grondwetlike regte met verwysing na vryheid van spraak en die reg tot privaatheid in inligtingstegnologie te kan aanpas.
- ❑ Die werking van e-handel met verwysing na digitale handtekeninge, immaterieelgoedere, name van webtuistes, belasting, kontrakte, aanlyn betalings en delikte te kan bespreek.
- ❑ Kliënte te kan adviseer oor verbruikers beskerming op die internet.
- ❑ Die toepassing van telekommunikasie wetgewing te kan bespreek.
- ❑ Straftregtelike bepalings te kan identifiseer en toepas.
- ❑ Die moontlikhede van aanlyn geskilbeslegting as 'n alternatief vir tradisionele litigasie te ondersoek.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

ERF224 Erfreg en Boedelbereddering

Die module ERF224 Erfreg en Boedelbereddering (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal:

- ❑ Bekendgemaak word met die teorie van Testate en Intestate Erfreg.
- ❑ In staat wees om 'n bestorwe boedel te beredder.
- ❑ Kan bepaal wat met 'n persoon se goed na sy afsterwe sal gebeur.

- ☐ Weet hoe om 'n testament te verly.
- ☐ Hoe om Intestate Erfreg toe te pas.
- ☐ Hoe om 'n bestorwe boedel by die Meester te rapporteer.
- ☐ Hoe 'n eksekuteur aangestel word.
- ☐ Regstappe in die bereddering van 'n bestorwe boedel.
- ☐ Hoe om boedelbelasting te bereken.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Wet op Testamente.
- ☐ Wet op Intestate Erfopvolging.
- ☐ Boedelbelastingwet.

Die suksesvolle student sal in staat wees tot:

- ☐ Bepaling van intestate erfgename.
- ☐ Uitleg van 'n testament en vasstelling van erfgename.
- ☐ Bepaling van wie erf wat.
- ☐ Verlyding van 'n testament.
- ☐ Bereddering van 'n bestorwe boedel.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FAM124 Familiereg

Die module FAM124 Familiereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak, bekendgestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Familiereg en die praktiese implikasies daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om (met inagneming van konstitusionele waardes), begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Die vereistes vir verlowings, huwelike en burgerlike verbintenisse.
- ☐ Die regserkenning van huishoudelike deelgenootskappe ("domestic partnerships").

- ❑ Die verskillende huweliksgoederestelsels.
- ❑ Die voorgeskrewe formaliteitsvereistes en die inhouds-bepalings van voorhuwelikse kontrakte.
- ❑ Die beëindiging van die huwelik/burgerlike verbinteniss en die regsgevolg van sodanige beëindiging.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

FBR114 Finansiële Beplanningsreg

Beskrywing en doel van kursus

- ❑ Verstaan en verduidelik die terme finansiële beplanners, finansiële beplanning, finansiële dienste ens.
- ❑ Bespreek en sit die finansiële beplanningsproses uiteen. Waar van toepassing, verwys na relevante vereistes van die Wet op Finansiële Adviseurs en Intermediêre Dienste 37 van 2002.
- ❑ Bepreek kortliks die data wat benodig word van 'n kliënt om in staat te wees om 'n finansiële plan vir die kliënt op te stel.
- ❑ Bespreek die belangrikheid en die voordele om 'n begroting op te stel en die stappe om 'n begroting op te stel.
- ❑ Verduidelik kortliks die verskillende tipes krediet bv. verbruiker rekening, winkel-krediet, winkel-lenings, kredietkaarte, oortrokke fasiliteite, persoonlike rekening, ens.
- ❑ Onderskei tussen nominale rentekoerse en 'n effektiewe rentekoers.
- ❑ Bespreek kortliks noodfondse aan jou kliënt.
- ❑ Bespreek kortliks enige kapitale tekortkominge wat mag inkom by dood of ongeskiktheid.
- ❑ Bespreek kortliks die spesiale finansiële beplannings behoeftes wat betrekking mag hê by egskeiding of indien die kliënt sy werk verloor en die verskillende aspekte wat in ag geneem sal moet word.
- ❑ Lys die redes vir die belangrikheid van besigheidsetiek en die mees algemene etiese probleme.
- ❑ Bespreek die terme nakoming, regsrisiko, nie-nakoming en die redes en doelwitte van nakomings wetgewing en die gevolg van nie-nakoming.
- ❑ Funksie en doel van regulerende liggame.
- ❑ Beskryf en verstaan die konsepte van: FPI, FPSB en CFP.

- ❑ Ekonomiese faktore wat 'n impak het op beleggings.
- ❑ Ken die relevante hofsake en FAIS Ombud beslissings rakende verbruiker beskerming.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ❑ Finansiële beplanningskonsepte.
- ❑ Ekonomiese terme.
- ❑ Relevante wetgewing.
- ❑ Hofsake.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FBR124 Finansiële Beplanningsreg

Beskrywing en doel van kursus

Die student moet in staat wees om:

- ❑ Verstaan die mees belangrike aspekte van die Suid-Afrikaanse gesondheidsorg sisteem.
- ❑ Verstaan die basiese van hoe mediese skemas werk.
- ❑ Ken en pas die basiese bepalings van die Wet op Mediese Skemas en sy regulasies toe.
- ❑ Ken en pas die basiese beginsels van gesondheidsorg toe.
- ❑ 'n Basiese kennis en verstaan van beleggings instrumente, -produkte en -beplanning en die toepassing van hierdie beginsels.
- ❑ 'n Basiese kennis en verstaan van aftrede fondse, -voordele en -beplanning en die toepassing van hierdie beginsels.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ❑ Gesondheidsorg.
- ❑ Basiese beleggingsbeplanning.
- ❑ Basiese aftrede beplanning.
- ❑ Relevante wetgewing.
- ❑ Hofsake.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FBR214 Finansiële Beplanningsreg

Beskrywing en doel van kursus

Die student moet in staat wees om:

- ❑ 'n Algemene begrip van etiek te hê in die finansiële dienste bedryf, die konsep van nakoming te verstaan, die gevolge van nie-nakoming te verstaan, asook die rol van die verskillende regulerende liggamme in die regulerende omgewing.
- ❑ 'n Uitgebreide kennis van nakoming wetgewing en toepaslike regspraak te toon insluitend:
 - Die bepalings van die Polishouer Beskermingsreëls in terme van beide die Langtermynversekeringswet 52 van 1998 en die Korttermynversekeringswet 53 van 1998.
 - Die bepalings van die Wet op Finansiële Advies- en Tussenganger Dienste 37 van 2002 en die Algemene Gedragskode, spesifiek met betrekking tot die rol van die Registrateur van Finansiële Dienste Verskaffers, die magtiging, verteenwoordigers en die pligte van finansiële dienste verskaffers, die afdwinging van die Wet en die strawwe vir nie-nakoming.
 - Die bepalings van die Wet op Georganiseerde Misdaad 121 van 1998, spesifiek die geldwassery oortredings in die Wet en die rol van die finansiële beplanner in die voorkoming van geldwassery.
 - Die bepalings van die Wet op die Finansiële Intelligensie Sentrum 38 van 2001, spesifiek met betrekking tot die pligte van verantwoordingspligtige instellings, die rol van die geldwassery rapporterings beampte, die geldwassery beheermaatreëls en die stappe wat 'n finansiële beplanner moet neem in die lig van die pligte opgelê in die Wet.
- ❑ 'n Algemene begrip van alternatiewe geskil beslegting en die klage procedure by die Ombud vir Finansiële Dienste Verskaffers, die Ombud vir Langtermynversekering en die Ombud vir Korttermynversekering te hê.
- ❑ 'n Uitgebreide kennis van die aanspreeklikheid van die finansiële beplanner as werknemer en as 'n onafhanklike finansiële beplanner en die pligte tot sorg en vaardigheid te toon, insluitend toepaslike regspraak.
- ❑ 'n Algemene begrip van die konsep van persoonlike risiko bestuur te hê.
- ❑ 'n Uitgebreide kennis te toon met betrekking tot die algemene beginsels van Versekeringsreg, insluitende die versekeringskontrak, die klassifikasie van versekering, die partye

tot die verskeringskontrak, die kapasiteit om sulke kontrakte te sluit, nominasie van begunstigdes, sessie en ook toepaslike regspraak.

- ❑ 'n Uitgebreide kennis te toon van selektiewe bepalings van beide die Langtermynversekeringswet 52 van 1998 en die Korttermynversekeringswet 53 van 1998 en toepaslike regspraak.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ❑ Etiek.
- ❑ Nakoming.
- ❑ Die regulerende raamwerk in die finansiële dienste bedryf.
- ❑ Persoonlike risiko bestuur.
- ❑ Langtermyn- en Korttermynversekering.
- ❑ Relevante regspraak.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FBR224 Finansiële Beplanningsreg

Beskrywing en doel van kursus

Die student moet in staat wees om:

- ❑ Die basiese beginsels van rente te verstaan.
- ❑ Die verskil tussen enkelvoudige- en saamgestelde rente te verstaan.
- ❑ Te weet hoe om finansiële berekeninge te doen deur gebruik te maak van beide die *Hewlett Packard 10B* en *Sharp EL -731*.
- ❑ Te weet hoe om huidige waardes, toekomstige waardes, en herhaalde betalings in verskillende gevalle te bereken.
- ❑ Te kan onderskei tussen die verskeie verskillende tipes belasting in Suid-Afrika.
- ❑ 'n Kliënt se belasting aanspreeklikheid te kan bereken.
- ❑ "Belasbare inkomste" te kan bereken, deur alle bedrae behoorlik in te sluit en af te trek.
- ❑ 'n Kliënt te kan adviseur onder watter omstandighede so persoon "woonagtig" sal wees vir belasting doeleindes.
- ❑ Te bepaal wanneer inkomste deur 'n persoon of trust gemaak, geag word iemand anders s'n te wees.

- ❑ Die aanspreeklikheid van 'n persoon vir kapitaal-winsbelasting te kan bereken, deur seker te maak dat alle uitsluitings en oorrolle inag geneem is.
- ❑ Eiendom te kan waardeer vir die doeleindes vir die basiskoste van 'n kapitale bate.
- ❑ Te kan bepaal wanneer 'n kapitale wins deur 'n persoon of trust gemaak, die van 'n ander persoon geag kan word.
- ❑ Om basiese boedelbelasting berekening te kan uitvoer.
- ❑ Om 'n persoon se aanspreeklikheid vir skenkingsbelasting te kan bepaal.
- ❑ Te kan adviseur watter oordragkoste betaalbaar word wanneer 'n persoon eindom na 'n ander oordra en ook watter vrystellings beskikbaar is.
- ❑ Te kan adviseur wanneer seëlregte betaalbaar word en watter vrystellings beskikbaar is.
- ❑ Te kan bepaal wanneer en deur wie, vaardigheidsontwikkelings fooie betaalbaar word, en ook watter vrystellings beskikbaar is.
- ❑ Te kan adviseur oor die heffing van ongesertifiseerde sekuriteit belasting.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ❑ Enkelvoudige en saamgestelde rente.
- ❑ Finansiële berekeninge.
- ❑ Inkomstebelasting.
- ❑ Kapitaalwinsbelasting.
- ❑ Boedelbelasting.
- ❑ Skenkingsbelasting.
- ❑ Oordragkoste.
- ❑ Seëlregte.
- ❑ Ongesertifiseerde sekuriteit belasting.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

FBR314 Finansiële Beplanning Reg (Boedel Beplanning)

Beskrywing en doel van kursus

Die student moet in staat wees om:

- ❑ Definieer 'erfopvolgingbeplanning'.
- ❑ Definieer 'boedelbeplanning'.

- ❑ Dui aan op wie die Boedelbelastingwet 45 van 1955 van toepassing.
- ❑ Dui aan watter eiendom in ag geneem moet word in die berekening van boedelbelasting.
- ❑ Dui aan hoe die 'belasbare bedrag' vir boedelbelasting doeleindes vasgestel word.
- ❑ Verstaan beperkte reg en bereken die waarde van beperkte reg.
- ❑ Dui aan hoe die eiendom en geagte eiendom gewaardeer moet word vir boedelbelastingdoeleindes.
- ❑ Noem en bespreek kortliks die aftrekkings wat toegelaat word in die berekening van die belasbare bedrag vir boedelbelasting doeleindes.
- ❑ Bespreek kortliks wat 'boedelsamesmelting' beteken.
- ❑ Verduidelik wat bedoel word met die "restant" van die boedel en bereken die restant.
- ❑ Verduidelik die korting beskikbaar wanneer boedelbelasting bereken word.
- ❑ Bespreek die korting snelle erfopvolging.
- ❑ Bespreek watter persone aanspreeklik kan wees vir boedelbelasting.
- ❑ Bespreek kortliks die invloed wat kapitaalwinsbelasting op boedelbelasting het.
- ❑ Bereken Kapitaalwinsbelasting by die dood van die persoon en in die boedel.
- ❑ Bespreek die probleem wat kan opduik wat verband hou met die likiditeit van 'n boedel as gevolg van kapitaal-winsbelasting en die betaling van kapitaalwinsbelasting deur die erfgename.
- ❑ U moet in staat wees om boedelbelasting te bereken.
- ❑ Definieer 'n gade in terme van die Inkomstebelastingwet en die Boedelbelastingwet.
- ❑ Verduidelik waarom die definisie van 'n 'gade' belangrik is vir die finansiële beplanner.
- ❑ Verstaan en pas die verskillende huweliks-goederebedelings toe.
- ❑ Bereken 'n aanwaseis.
- ❑ Bespreek die belangrikheid daarvan om 'n testament te hê.
- ❑ Bespreek die formaliteite wat vereis word om 'n wettige testament te verly.
- ❑ Dui aan onder watter omstandighede 'n hof 'n testament wettig kan verklaar.
- ❑ Dui aan wie mag bevoordeel word uit 'n testament.
- ❑ Bespreek kortliks die bepalings van artikel 2C (1) en (2) van die Wet op Testamente.

- ❑ Bespreek kortliks wat die bepalings in die Wet op Testamente is met betrekking tot die vererwing by gewese gades.
- ❑ Dui aan wie mag 'n testament verly.
- ❑ Verduidelik hoekom 'n trust 'n gewilde middel is vir boedelbeplanning.
- ❑ Definieer 'n trust.
- ❑ Bespreek die partye van 'n trust.
- ❑ Bespreek die verskillende soorte trusts.
- ❑ Verduidelik hoe 'n trust geskep word en bespreek die wetlike aard van 'n inter vivos en 'n testamentêre trust.
- ❑ Dui aan of 'n trust oorweeg word as 'n 'persoon' en bespreek die "eienaarskap" van trusteeendom.
- ❑ Noem die noodsaaklike vereistes vir opstel van 'n geldige testament.
- ❑ Bespreek kortliks die aanstelling van trustees.
- ❑ Bespreek die pligte van 'n trustee.
- ❑ Bespreek die mag van 'n trustee.
- ❑ Maak 'n lys van die maniere waarop trusteeskap beëindig word.
- ❑ Bespreek die persoonlike aanspreeklikheid van 'n trustee.
- ❑ Bespreek of 'n trust 'n begunstigde in terme van 'n testament mag wees.
- ❑ Bespreek wysigings en veranderings aan 'n trustakte.
- ❑ Bespreek of 'n persoon 'n geldige handeling namens die trust mag uitvoer voordat hy as 'n trustee aangestel is.
- ❑ Bespreek die voordele van 'n trust in boedel beplanning.
- ❑ Bespreek die nadele van 'n trust.
- ❑ Bespreek die invloed van kapitaalwinsbelasting op 'n gevestigde trust.
- ❑ Bespreek die invloed van kapitaalwinsbelasting op 'n diskresionêre trust.
- ❑ Bespreek die verwante persone-reël wat verband hou met 'n trust en kapitaalwinsbelasting.
- ❑ Bespreek wanneer winste as 'n ander sin geag sal word.
- ❑ Bespreek wanneer kapitaalwinsbelasting toeskryfbaar is aan verskillende partye.
- ❑ Bespreek wanneer artikel 7 gebruik kan word as 'n belasting voordeel en bespreek die bepaling van artikel 7(3) – (10).
- ❑ Verduidelik artikel 25B van die Inkomstebelasting Wet.
- ❑ Verduidelik kortliks die reël teen altyddurend (perpetuities) en die reël teen omvervreemdbaar (inalienability).
